RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
JSE Top40	-2.3	4.2	4.2	13.7
JSE Mid cap	-2.9	1.6	1.6	3.9
JSE Small cap	-1.4	7.6	7.6	19.5
All Share Indeks (ALSI)	-2.3	3.6	3.6	12.7
All Bond Indeks (ALBI)	0.6	4.2	4.2	7.1
Hulpbron Indeks	-3.6	6.2	6.2	19.4
Industriële Indeks	-0.1	-3.4	-3.4	11.2
Finansiële Indeks	-5.2	10.2	10.2	4.1
Gelyste Eiendom Indeks	1.1	0.5	0.5	-3.4
MSCI Wêreld Indeks*	-1.4	-19.7	-19.7	-2.3
S&P 500*	-5.8	-18.1	-18.1	7.7
Dow Jones*	-4.1	-6.8	-6.8	7.3
FTSE 100*	-0.5	-7.0	-7.0	-0.1
Hang Seng Indeks*	6.4	-12.6	-12.6	-8.4
Nikkei 225 Indeks*	-1.2	-19.1	-19.1	-1.3

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	-0.1	-6.6	-6.6	-6.8
Rand/Euro	-3.8	-0.1	-0.1	-5.0
Rand/GBP Pond	-1.1	5.3	5.3	-3.4

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	7.0%
Primakoers	10.5%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (Desember 2022)	
Hooflyn inflasie (VPI)	7.4%
Produsenteprysindeks (PPI)	15.0%

(Bron: SARB)

Desember 2022 oorsig

Desember het afgeskop met baie spekulasie op die politieke front toe 'n onafhanklike paneel 'n verslag vrygestel het waarin beweer word dat president Cyril Ramaphosa moontlik sy ampseed geskend het. Die president het egter die aantygings wat teen hom gemaak is ontken. Die ANC se leierskapkonferensie, wat twee keer ‘n dekade geskied, het middel Desember plaasgevind. Ramaphosa het as oorwinnaar uit die stryd getree het en sit ’n tweede termyn van vyf jaar as leier voort. Plaaslike markte het goed gereageer op die konferensie se uitslag.

Suid-Afrikaners het in 2022 alleen meer as 3 630 uur se beurtkrag ervaar, wat dit die mees beurtkrag-intensiewe jaar op rekord maak. Data wat gedurende Desember vrygestel is, het getoon dat die Suid-Afrikaanse ekonomie in die derde kwartaal van 2022 beter gevaar het as wat die mark verwag het. Die land se bruto binnelandse produk het oor die kwartaal met ’n geannualiseerde 1,6% gestyg, vergeleke met verwagtinge van tussen 0,4% en 0,6% groei.

Die globale markoplewing wat in die vierde kwartaal begin het, het vinnig in Desember verdwyn terwyl dieselfde vrese wat negatiewe beleggersentiment gedryf het, weer die oorhand gekry het. Die laaste maand van die jaar het negatiewe opbrengste vir aandele, kommoditeite en effens negatiewe opbrengste vir effekte gehad, wat beleggers weereens met min plek gelaat het om ‘n veilige hawe te vind.

Alhoewel die Federale Reserweraad sy tempo van rentekoersverhogings vertraag het, het hy sy maatstaf-rentekoers in Desember met nog 50 basispunte verhoog tot 'n 4,25-4,5% teikenband. Beleidmakers projekteer dat koerse in 2023 op 5,1% sal eindig.

Die Europese Sentrale Bank het depositokoerse in Desember van 1,5% tot 2,0% verhoog. Sentiment teenoor Chinese beleggings het in Desember aanhou verbeter namate die Chinese regering hul beleid wat verband hou met die hantering van Covid 19-infeksies versag het.

Die prys van Brent-ruolie het die maand min of meer onveranderd geëindig terwyl die prys van ysterers gestyg het (+12.1%). Die Amerikaanse dollar-indeks het sy swakste kwartaal sedert die derde kwartaal van 2010 behaal, maar het steeds daarin geslaag om sy beste jaar sedert 2015 te behaal.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is ‘n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).

Wysheid vir ware welvaart | Wisdom for true wealth